

**Maandag 20 Junie**

**Skrifgedeelte: Titus 2:1-14 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Titus 2:1; Heidelbergse Kategismus Sondag 12 v/a 32**

**Verkondig die gesonde leer**

Ons Here Jesus Christus is bestem en aangestel en gesalf tot ons ewige Koning soos ons dit bely in Sondag 12 van die Kategismus. Hy regeer oor ons met sy Woord en Gees en Hy is die Koning van alle konings! Die Here van die here! Dit is 'n kosbare waarheid en die gesonde leer wat ons aanhang.

Ons as Christene is deel van Christus se liggaam. Ons is deelgenote van sy salwing en dit beteken dat alle gelowiges in Jesus Christus se diens staan. Dit is 'n baie groot verantwoordelikheid om 'n Christen te wees. Jesus Christus roep jou om in sy diens te staan as profeet, priester en koning. Genadiglik het God sy Woord vir ons gegee om ons te begelei en te leer wanneer dit kom by ons dienswerk vir die Here.

Onder leiding van en geïnspireer deur die Heilige Gees, het Paulus drie herderlike briewe geskryf. Hy het twee vir Timoteus geskryf en een vir Titus. Hierdie herderlike briewe, wat ook as die pastorale briewe bekendstaan, is baie prakties en ons as gelowiges kan baie by hierdie briewe leer wanneer dit kom by ons dienswerk vir die Here.

'n Baie belangrike aspek van ons dienswerk is dat ons die gesonde leer moet verkondig en daarvolgens moet lewe. Ons sê dus nie net ons is Christene nie, ons lewe ook soos Christene. Die gesonde leer is die evangelie soos dit vir ons in die Bybel suiwer geleer word. Gelowiges moet dus geanker wees in die waarheid van God se Woord en dit uitlewe. Dit help nie om God net met woorde te verkondig en dan met jou leefwyse so te lewe asof Hy nie bestaan nie. Dan kom mens nie jou roeping as gelowige na nie. Maak dus tyd om Bybel te lees, sodat jy ook in jou verhouding met God kan groei en dat die gesonde leer uit jou lewe kan uitstraal!

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. EJ van Jaarsveld (Janré) (Tsumeb)*